20/11/73: Afr. koerante noorde aan en Suide in gesorg - H.B. Th.

191.T.4.1(1)

PERSBERIG (Deur Prof. H.B. Thom)

(Vrystelling: onmiddellik)

~~I.S.~~ HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

EN HENDRIK VERWOERD-TOEKENNING

A. HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

Dit is tans die tweede jaar dat meegeding word om die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs.

Die Keurkomitee, voor wie aansoeke gelê word, bestaan uit:

Prof. H.B. Thom, Voorsitter.

Prof. H.W. Snyman, Dekaan, Fakt. Geneeskunde, U.P.

Prof. A.J. Brink, Dekaan, Fakt. Geneeskunde, U.S.

Prof. F. Retief, Dekaan, Fakt. Geneeskunde, U.O.V.S.

Prof. C.L. de Jager, Sekretaris.

Die Raad van Trustees, aan wie die Keurkomitee sy aanbeveling i.s. die beurs maak, bestaan uit die trustees van die Hendrik Verwoerd-Fonds, t.w.:

Prof. H.B. Thom, Voorsitter.

Mnr. Marius Jooste, Onder-Voorsitter.

Mnr. S.G.J. van Niekerk, Administrateur van Transvaal.

Mnr. G.F. van L. Froneman, Administrateur van O.V.S.

Mnr. A.H. Vosloo, Administrateur van Kaapland.

Mnr. W.H.B. Havemann, Administrateur van Natal.

Mnr. B.J. van der Walt, Administrateur van Suidwes.

Dr. P.J. Meyer.

Mnr. J. Steyl.

Dr. J. Hurter.

Prof. C.L. de Jager, Sekretaris.

Die Raad van Trustees het besluit dat die beurs vir 1974 toegeken word aan dr. J.J. de Wet Lubbe. Dr. Lubbe het as leerling van die Hoërskool

2/.............

Kakamas in 1958 in die eerste klas gematrikuleer; hy was onder die eerste tien kandidate in Kaapland. Die M.B., Ch.B. het hy in 1964 cum laude aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Die Noristan-beurs, 'n goue medalje van die Fakulteit van Geneeskunde, U.S., en die Koningin Victoria-stipendium van die Universiteit van Stellenbosch is vervolgens aan hom toegeken. Na suksesvolle spesialisasie het hy in 1972 die M.Med. cum laude verwerf, met borskas-chirurgie as sy spesiale gebied. Hy het reeds verskeie oorspronklike wetenskaplike publikasies gelewer, en ook 'n hele paar referate by geneeskundige kongresse of simposia gehou.

Die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs is aan wyle dr. Verwoerd te danke. Toe die Hendrik Verwoerd-Toekenning in 1966, ter erkenning van sy deurslaggewende bydrae tot die verkryging en vestiging van 'n republiek in Suid-Afrika, aan dr. Verwoerd gedoen is, het hy dit aanvaar maar duidelik verklaar dat hy persoonlik geen materiële voordeel daaruit wou trek nie. Die geldelike deel van die toekenning, t.w. R10 000, wou hy nie aanvaar nie. Na oorlegpleging met hom het die Trustees van die Hendrik Verwoerd-Trust besluit om 'n navorsingsbeurs in Geneeskunde of Tandheelkunde te stig, wat na hom vernoem sou word, iets wat hy hom laat welgeval het aangesien hy, vanweë sy herstel ná die eerste aanslag op sy lewe, soveel aan die geneeskunde verskuldig was.

Die beurs het 'n geldelike waarde van R1 000, en word vir één jaar toegeken. Slegs senior kandidate wat met goeie gevolg gestudeer het, en veral bewys gelewer het van suksesvolle oorspronklike navorsingswerk, kom in aanmerking.

Verlede jaar is die eerste toekenning van die beurs gemaak aan dr. C.J.C. Nel van Pretoria.